Hoofstuk XII

'N ONDERSOEK NA DIE PRAKTIESE OPLEIDING VAN ONDERWY= SERS, UITGEVOER ONDER ONDERWYSERS VAN TRANSVAALSE SKOLE

1. Die vraelys aan onderwysers[1)]

Die vraelys aan onderwysers is in twee af= delings verdeel. In afdeling A is die algemene ken= merke van die ondersoekgroep nagegaan. In afdeling B is beoog om onderwysers se bydrae ten opsigte van die opleiding van onderwysstudente en die suksesvolle verloop van oefenonderwystydperke vas te stel. Ver= der is beoog om hulle menings oor enkele sake raken= de die praktiese opleiding vas te stel.

a. Afdeling A : Algemene besonderhede

Hierdie afdeling bevat drie vrae wat in die eerste plek die algemene kenmerke van die on= dersoekgroep wil vasstel.

Vraag A1 wil die ondersoekgroep volgens skool= tipes indeel. Hierdie gegewens sal ook gebruik word om vas te stel in watter mate die menings en die aandeel van die onderwysers aan die verskillende soorte skole insake oefenonderwys verskil of ooreenkom.

Vrae A2 en A3 wil eerstens bepaal hoeveel onder= wyservaring en ervaring van onderwysstudente in hulle klasse die ondersoekgroep het. Verder sal hierdie besonderhede gebruik word om vas te stel in watter mate ervaring 'n rol speel in onderwysers se bena= dering van oefenonderwys.

---

1) Bylae E.

b. Afdeling B : Die praktiese opleiding van onderwysstudente

Vraag B1 is beplan om die ondersoekgroep se houding teenoor oefenonderwys soos dit hulle raak, vas te stel. Vraag B2 ontleed in besonderhede die beplanning en verloop van oefenonderwys in die klas= kamers. Vraag B3 moet vas stel of die inligting wat onderwysers vooraf in verband met die studente ontvang, as voldoende beskou word. In vraag B4 word die menings van die ondersoekgroep oor die gehalte en moontlikhede van die studente wat tydens die jongste oefenonderwystydperk onder hulle sorg was, gevra. Laastens word die samewerking tussen die on= dersoekgroep en besoekende dosente krities ontleed.

2. Die algemene kenmerke van die ondersoekgroep

Die ondersoekgroep is, soos alreeds beskryf,[1] getrek uit onderwysers wat reeds ondervinding van on= derwysstudente in hulle klasse opgedoen het en wat in die praktiese opleiding van onderwysers geïnteresseerd is.[2] Die ondersoekgroep kan dus in die statistiese sin van die woord nie as 'n steekproef beskryf word nie.

Op die stadium toe soveel voltooide vraelyste van skoolhoofde terug ontvang is as wat as voldoende vir 'n ondersoekgroep beskou is,[3] is die voltooide vraelyste van onderwysers wat ontvang is, getel.

---

1) Kyk hfst. VIII, p. 189.

2) Kyk ook brief aan skoolhoofde, bylae C.

3) Kyk hfst. XI, p. 355.

TABEL 121.

VERTEENWOORDIGING VAN DIE VERSKILLENDE SKOOLTIPES IN DIE ONDERSOEKGROEP VAN ONDERWYSERS.

SKOOLTIPE	UNIVERSUM	VOLTOOIDE VRAELYSTE GEBRUIK	PERSENTASIE PER SKOOLTIPE
Junioreskole.	44	27	61.4
Laerskole.	864	484	56.0
Hoërskole.	396	177	44.7
Spesiale skole.	32	18	56.3
TOTAAL.	1336	706	52.8

TABEL 122.

VERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VAN ONDERWYSERS VOLGENS SKOOLTIPES.

SKOOLTIPE	ONDERSOEKGROEP		UNIVERSUM	
	GROOTTE	% VAN 706	GROOTTE	% VAN 1336
Junioreskole.	27	3.8	44	3.3
Laerskole.	484	68.6	864	64.7
Hoërskole.	177	25.1	396	29.6
Spesiale skole.	18	2.5	32	2.4
TOTAAL.	706	100.0	1336	100.0

Toe gevind is dat hierdie getal ook 50% van die voor= afbepaalde onderwyser-universum oorskry het, is be= sluit om die vraelyste as voldoende vir 'n ondersoek= groep te aanvaar.

a. Verdeling van die ondersoekgroep volgens skooltipes

Volgens tabel 121 verteenwoordig die on= dersoekgroep van 706 respondente 52.8% van die onder= wysers-universum. Met uitsondering van die hoër= skool-onderwysers, het by elk van die ander skooltipes meer as 50% van die betrokke universums die vraelyste voltooi. Alhoewel die persentuele verteenwoordiging van die hoërskoolonderwysers slegs 44.7% is, kan dit nogtans as bevredigend beskou word.

'n Ontleding van tabel 122 toon dat daar 'n treffende ooreenkoms tussen die persentuele waardes van die ondersoekgroep en die universum is. Selfs in die geval van die hoërskoolonderwysers vergelyk die 25.1% van die ondersoekgroep baie gunstig met die 29.6% van die universum.

b. Verdeling van die ondersoekgroep volgens onderwyservaring

'n Ontleding van tabel 123 toon dat 68% van die respondente tien jaar en langer onderwyser= varing het. As die groep 5-10 jaar by die vorige groepe gereken word, blyk dit dat 89.5% van die respondente vyf jaar of langer onderwyservaring het. Word die onderwysers met vyf jaar en langer onderwys= ervaring as ervare beskou, blyk dit dat die groot

TABEL 123.

VERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VAN ONDERWYSERS VOLGENS ONDERWYSERVARING.

ONDERWYSERVARING IN JARE	ONDERSOEKGROEP	
	GROOTTE	% VAN 703
0 - 2	10	1.4
2 - 5	63	9.0
5 - 10	151	21.5
10 - 20	271	38.5
20 - 30	169	24.0
30+	39	5.5
TOTAAL.	703 [1]	100.0

1) Die grootte van die ondersoekgroep is in hierdie geval 703 in plaas van 706 aangesien drie respondente nie die betrokke vraag beantwoord het nie.

TABEL 124.

VERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VAN ONDERWYSERS VOLGENS ERVARING VAN OEFENONDERWYSSTUDENTE IN KLAS.

OEFENONDERWYSERVARING IN JARE	ONDERSOEKGROEP	
	GROOTTE	% VAN 700
0 - 2	32	4.6
2 - 5	111	15.8
5 - 10	230	32.9
10 - 20	256	36.6
20 - 30	62	8.9
30+	9	1.3
TOTAAL.	700 1)	100.0

1) Die grootte van die ondersoekgroep is in hierdie geval 700 in plaas van 706 aangesien ses respondente nie die betrokke vraag beantwoord het nie.

meerderheid van die ondersoekgroep as sodanig kwali= fiseer.

c. Verdeling van die ondersoekgroep volgens ervaring van oefenonderwysstudente in klas

'n Ontleding van tabel 124 toon dat 46.8% van die respondente tien jaar en langer ervaring van oefenonderwysstudente in hulle klasse het.

Word die groep 5-10 jaar by hierdie groepe gere= ken, blyk dit dat 79.7% van die respondente vyf jaar of langer ervaring het van oefenonderwysstudente in hulle klasse.

As onderwysers met vyf jaar en langer ervaring van oefenonderwysstudente in hulle klasse as ervare beskou kan word, blyk dit dat die groot meerderheid van die ondersoekgroep as sodanig kwalifiseer.

Samevattend kan die ondersoekgroep uit die on= derwyser-universum beskryf word as 'n ondersoekgroep bestaande uit 706 onderwysers van die vier vernaamste skooltipes. Die persentuele verteenwoordiging van hierdie onderwysers volgens skooltipes vertoon 'n treffende ooreenkoms met die persentuele verteenwoor= diging van die skooltipes in die geselekteerde univer= sum. Verder bestaan die ondersoekgroep grootliks uit ervare onderwysers wat ook wye ervaring van oefenon= derwysstudente het.

TABEL 125.

OF ONDERWYSERS 'N OEFENONDERWYSTYDPERK AS INTERESSANTE AFWISSELING VAN DIE GEWONE ROETINE BESKOU.

	NEE		SOMS		JA		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes								
Juniorskole.	13	48.1	12	44.4	2	7.4	0	27
Laerskole.	188	38.8	198	40.8	71	14.6	27	484
Hoërskole.	64	36.1	92	51.8	18	10.1	3	177
Spesiale skole.	6	33.3	7	38.8	3	16.6	2	18
TOTAAL.	271	38.3	309	43.7	94	13.3	32	706

3. Die praktiese opleiding van onderwysstudente[1)]

a. Onderwysers se houding teenoor oefenonderwys

In afdeling B1 van die vraelys is enkele vrae gestel met die doel om onderwysers se houding teenoor oefenonderwys vas te stel. Die antwoorde op hierdie vrae word in tabelle 125-129 weergegee.

(1) Eerstens wou vasgestel word of onderwy= sers 'n oefenonderwystydperk as interessante afwisse= ling van die gewone roetine beskou. 'n Ontleding van tabel 125 toon dat 38.3% van die respondente oefen= onderwys nie as interessante afwisseling beskou nie, 43.7% beskou dit soms so, terwyl slegs 13.3% heelte= mal bevestigend antwoord. Ontleed volgens skooltipes blyk dit dat 'n groter persentasie van die respondente aan laerskole en spesiale skole as dié aan hoërskole en juniorskole, oefenonderwys as 'n interessante af= wisseling van die gewone roetine beskou.

(2) Tweedens was die doel om vas te stel of onderwysers 'n oefenonderwystydperk verwelkom as 'n geleentheid om toekomstige onderwysers te help vorm en oplei.

---

1) Die antwoorde op die vrae in afdeling B van die vraelys is in alle gevalle eerstens volgens skooltipes vergelyk. Uit hierdie gegewens is die algemene ontleding en die ontleding volgens skooltipes gedoen. Al die vrae is verder ook volgens die onderwysers se onderwyservaring en volgens hulle ervaring van studente in die klas vergelyk. Alhoewel al hierdie gegewens beskik= baar is, is slegs dié wat duidelik waarneem= bare verskille aangetoon het, in die tabelle opgeneem en bespreek.

TABEL 126.

OF ONDERWYSERS 'N OEFENONDERWYSTYDPERK VERWELKOM AS 'N GELEENTHEID OM TOEKOMSTIGE ONDERWYSERS TE HELP VORM EN OPLEI.

	NEE		SOMS		JA		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes								
Juniorskole.	0	0.0	11	40.7	16	59.2	0	27
Laerskole.	8	1.6	152	31.2	315	65.0	9	484
Hoërskole.	3	1.6	99	55.8	74	41.8	1	177
Spesiale skole.	0	0.0	7	38.7	11	61.1	0	18
TOTAAL.	11	1.5	269	38.0	416	58.9	10	706
Volgens onderwys-ervaring in jare								
0 - 2	0	0.0	6	60.0	4	40.0	0	10
2 - 5	1	1.5	23	36.4	37	58.7	2	63
5 - 10	2	1.3	66	43.5	80	52.9	3	151
10 - 20	2	0.7	103	37.8	163	60.1	3	271
20 - 30	5	2.9	60	35.3	102	60.3	2	169
30+	1	2.5	10	25.5	28	71.7	0	39
TOTAAL.	11	1.5	268	37.9	414	58.8	10	703
Volgens jare ervaring van studente in klas								
0 - 2	0	0.0	15	46.9	16	50.0	1	32
2 - 5	4	3.6	50	45.0	56	50.4	1	111
5 - 10	3	1.3	84	36.4	137	59.5	6	230
10 - 20	2	0.7	93	36.2	159	62.1	2	256
20 - 30	2	3.2	25	40.2	35	56.4	0	62
30+	0	0.0	1	11.1	8	88.8	0	9
TOTAAL.	11	1.5	268	38.2	411	58.7	10	700

Uit 'n algemene ontleding van tabel 126 blyk dit dat die meerderheid van die respondente, t.w. 58.9% heeltemal bevestigend antwoord, terwyl slegs 1.5% 'n oefenonderwystydperk glad nie as 'n geleentheid om met opleiding te help, beskou nie.

Ontleed volgens skooltipes blyk dit dat 65.0% van die laerskoolonderwysers heeltemal bevestigend op die vraag antwoord, gevolg deur 61.1% van die onder= wysers aan spesiale skole, 59.2% aan juniorskole en 41.8% aan hoërskole. Dit blyk dus dat die respon= dente wat aan laerskole verbonde is, die groep is wat die meeste positief ingestel is teenoor oefen= onderwys as geleentheid om met onderwysersopleiding behulpsaam te wees.

Ontleed volgens onderwyservaring blyk dit dat afgesien van 'n geringe afwyking by die intervalgroep 5-10 jaar, die positiewe ingesteldheid van die re= spondente teenoor oefenonderwys as geleentheid om met onderwysersopleiding behulpsaam te wees, in di= rekte verhouding tot hulle onderwyservaring verhoog. Net so verhoog die positiewe ingesteldheid van die respondente teenoor oefenonderwys as opleidingsge= leentheid in direkte verhouding tot hulle ervaring van studente in die klas. Die uitsondering hier is die intervalgroep 20-30 jaar. Vir albei hierdie afwykings kan geen verklaring gegee word nie.

Daar kan dus afgelei word dat namate onderwysers meer onderwyservaring en ervaring van studente in hulle klas opdoen, hulle meer positief ingestel raak

TABEL 127.

OF ONDERWYSERS 'N OEFENONDERWYSTYDPERK AS 'N GELEENTHEID BESKOU OM VAN HULLE EIE VAARDIGHEDE EN ONDERVINDING AAN STUDENTE OOR TE DRA.

	NEE		SOMS		JA		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes								
Juniorskole.	2	7.4	11	40.7	13	48.1	1	27
Laerskole.	13	2.6	219	45.2	230	47.5	22	484
Hoërskole.	6	3.3	105	59.2	63	35.5	3	177
Spesiale skole.	0	0.0	8	44.3	7	38.8	3	18
TOTAAL.	21	2.9	343	48.4	313	44.3	29	706
Volgens onderwys-ervaring in jare								
0 - 2	1	10.0	6	60.0	2	20.0	1	10
2 - 5	4	6.3	34	53.8	22	34.9	3	63
5 - 10	4	2.6	89	58.8	48	31.7	10	151
10 - 20	5	1.8	131	48.2	127	46.8	8	271
20 - 30	7	4.1	67	39.5	88	52.0	7	169
30+	0	0.0	15	38.4	24	61.5	0	39
TOTAAL.	21	2.9	342	48.5	311	44.2	29	703
Volgens jare ervaring van studente in klas								
0 - 2	2	6.3	17	53.1	10	31.3	3	32
2 - 5	6	5.4	65	58.5	35	31.5	5	111
5 - 10	8	3.4	118	51.1	93	40.4	11	230
10 - 20	4	1.5	117	45.5	128	50.0	7	256
20 - 30	1	1.6	20	32.1	38	61.2	3	62
30+	0	0.0	3	33.3	6	66.6	0	9
TOTAAL.	21	3.0	340	48.4	310	44.2	29	700

teenoor oefenonderwys as geleentheid om met onder= wysersopleiding behulpsaam te wees.

(3) Vervolgens word nagegaan of onderwysers 'n oefenonderwystydperk as 'n geleentheid beskou om van hulle eie vaardighede en ondervinding aan stu= dente oor te dra.

Blykens die gegewens van tabel 127 antwoord 44.3% van die respondente heeltemal bevestigend op die vraag, terwyl slegs 2.9% 'n oefenonderwystydperk glad nie as sodanig beskou nie.

Ontleed volgens onderwyservaring en volgens ervaring van studente in die klas, blyk dit dat die respondente se positiewe ingesteldheid teenoor oefen= onderwys as 'n geleentheid om van hulle eie vaardig= hede en ondervinding aan studente oor te dra, in di= rekte verhouding met hulle onderwyservaring en hulle ervaring van studente in die klas toeneem. 'n Ge= ringe afwyking is egter waar te neem by die interval= groep 5-10 jaar onderwyservaring.

Daar kan dus afgelei word dat namate onderwysers meer onderwyservaring en ervaring van studente in hulle klas opdoen, hulle meer geredelik tydens die oefenonderwystydperke hulle vaardighede en ondervind= ding met studente deel.

(4) Op die vraag of onderwysers 'n oefen= onderwystydperk as 'n lastige onderbreking beskou, blyk dit uit tabel 128 dat 48.0% van die respondente dit glad nie en 41.7% dit soms as sodanig beskou.

TABEL 128.

OF ONDERWYSERS OEFENONDERWYS AS 'N LASTIGE ONDERBREKING BESKOU.

	NEE		SOMS		JA		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes								
Juniorskole.	13	48.1	10	37.0	4	14.8	0	27
Laerskole.	254	52.4	185	38.1	23	4.7	22	484
Hoërskole.	60	33.8	96	54.1	19	10.7	2	177
Spesiale skole.	12	66.6	4	22.2	0	0.0	2	18
TOTAAL.	339	48.0	295	41.7	46	6.5	26	706

TABEL 129.

OF ONDERWYSERS 'N TYDPERK VAN OEFENONDERWYS AS 'N NAGMERRIE BESKOU.

	NEE		SOMS		JA		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes								
Juniorskole.	23	85.1	2	7.4	2	7.4	0	27
Laerskole.	411	84.9	44	8.9	4	0.8	25	484
Hoërskole.	150	84.7	21	11.7	1	0.5	5	177
Spesiale skole.	15	83.3	1	5.5	0	0.0	2	18
TOTAAL.	599	84.8	68	9.5	7	0.9	32	706

6.5% van die respondente beskou oefenonderwys beslis as 'n lastige onderbreking.

'n Ontleding volgens skooltipes toon dat 'n groter persentasie van die respondente aan junior- en hoërskole (t.w. resp. 14.8% en 10.7%) as aan laer- en spesiale skole (resp. 4.7% en 0.0%) oefenonderwys as 'n lastige onderbreking beskou.

(5) Laastens is probeer vasstel of daar wel onderwysers is wat 'n tydperk van oefenonderwys as 'n nagmerrie beskou. Te oordeel na die gegewens in tabel 129 beskou die groot meerderheid van die respondente, t.w. 84.8%, dit egter glad nie as sodanig nie. 9.5% verklaar dat dit soms 'n nagmerrie kan wees, terwyl slegs 0.9% dit beslis as sodanig beskryf. Te oordeel na die bykomstige kommentaar wat in 'n paar gevalle aangegee word as motivering vir die antwoord dat oefenonderwys 'n nagmerrie is, kan dit wel die geval wees indien studente geen belangstelling in die werk toon nie en die klaskameratmosfeer gevolglik bederf word.

Samevattend blyk dit dat alhoewel slegs 'n geringe persentasie (13.3%) van die respondente oefenonderwys as 'n interessante afwisseling van die gewone roetine beskou, die meerderheid wel die geleentheid wat oefenonderwys aan hulle bied om toekomstige onderwysers te help vorm en oplei, verwelkom.

Dit blyk verder dat namate onderwysers meer onderwyservaring en ervaring van studente in hulle klas opdoen, hulle oefenonderwys ook al hoe meer as 'n ge-

leentheid om toekomstige onderwysers te help vorm en oplei en van hulle eie vaardighede aan die studente oor te dra, beskou.

Laastens dui die gegewens daarop dat die grootste persentasie van die onderwysers oefenonderwys nie as 'n lastige onderbreking beskou nie en dat die oorgro= te meerderheid dit beslis nie as 'n nagmerrie wil be= skryf nie.

b. Beplanning en verloop van die oefenonder= wystydperk in die klaskamer

In afdeling B2 van die vraelys is ver= volgens 'n reeks vrae gestel met die doel om 'n beeld te vorm van die wyses waarop onderwysers enkele fa= sette van die oefenonderwyspraktyk in hulle klaskamers behartig.

(1) In die eerste plek is vasgestel hoe dikwels onderwysers 'n oefenonderwysprogram beplan en die studente dan daarvolgens laat werk.

Soos blyk uit 'n ontleding van tabel 130 ver= klaar 30.3% van die respondente dat hulle altyd en 23.3% dat hulle dikwels die oefenonderwys volgens 'n voorafbeplande program laat verloop. Dit blyk egter ook dat amper 'n kwart (23.7%) van die re= spondente nooit sodanige voorafbeplanning onderneem nie.

Ontleed volgens skooltipes blyk dit dat die respondente van hoërskole en spesiale skole in 'n groter mate as dié van die ander twee skooltipes

TABEL 130.

OF ONDERWYSERS 'N OEFENONDERWYSPROGRAM BEPLAN EN DIE STUDENTE DAN DAARVOLGENS LAAT WERK.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Hoofde van:												
Junioreskole.	6	22.2	0	0.0	1	3.7	12	44.4	7	25.9	1	27
Laerskole.	134	27.6	24	4.9	61	12.6	115	23.7	134	27.6	16	484
Hoërskole.	24	13.5	22	12.4	23	12.9	37	20.9	64	36.1	7	177
Spesiale skole.	4	22.2	1	5.5	3	16.6	1	5.5	9	50.0	0	18
TOTAAL.	168	23.7	47	6.6	88	12.4	165	23.3	214	30.3	24	706

TABEL 131.

OF ONDERWYSERS HULLE DEUR STUDENTE SE VERSOEKE EN BEHOEFTES LAAT LEI.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
VOLGENS SKOOLTIPES												
Junioreskole.	5	18.5	4	14.8	3	11.1	6	22.2	8	29.6	1	27
Laerskole.	51	10.5	67	13.8	102	21.0	122	25.2	135	27.8	7	484
Hoërskole.	18	10.1	20	11.2	45	25.4	54	30.5	39	22.0	1	177
Spesiale skole.	1	5.5	2	11.1	5	27.7	7	38.8	3	16.6	0	18
TOTAAL.	75	10.6	93	13.1	155	21.9	189	26.7	185	26.2	9	706

TABEL 132.

OF ONDERWYSERS DIE STUDENTE MET DIE VOORBEREIDING VAN LESSE WAT HULLE VOOR ONDERWYSERS MOET GEE, BEHULPSAAM IS.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	1	3.7	1	3.7	6	22.2	9	33.3	10	27.0	0	27
Laerskole.	30	6.1	50	10.3	83	17.1	123	25.4	195	40.2	3	484
Hoërskole.	28	15.8	23	12.9	40	22.5	43	24.2	41	23.1	2	177
Spesiale skole.	1	5.5	0	0.0	4	22.2	10	55.5	3	16.6	0	18
TOTAAL.	60	8.4	74	10.4	133	18.8	185	26.2	249	35.2	5	706
Volgens jare ervaring van studente in klas												
0 - 2	5	15.6	1	3.1	11	34.4	7	21.9	8	25.0	0	32
2 - 5	7	6.3	13	11.7	19	17.1	37	33.3	34	30.6	1	111
5 - 10	20	8.6	27	11.7	42	18.2	66	28.6	73	31.7	2	230
10 - 20	22	8.5	27	10.5	46	17.9	61	23.8	98	38.2	2	256
20 - 30	6	9.6	6	9.6	13	20.9	10	16.1	27	43.5	0	62
30+	0	0.0	0	0.0	0	0.0	2	22.2	7	77.7	0	9
TOTAAL.	60	8.5	74	10.5	131	18.7	183	26.1	247	35.2	5	700

(respektiewelik 36.1% en 50.0% teenoor 25.9% en 27.6%) die oefenonderwys altyd volgens 'n voorafbeplande program laat verloop.

(2) Tweedens is nagegaan hoe dikwels onder= wysers hulle deur studente se versoeke en behoeftes laat lei. 'n Ontleding van tabel 131 toon dat al= hoewel 52.9% (4+5) van die respondente verklaar dat hulle hul dikwels tot altyd so laat lei, 23.7% (1+2) dit nooit of slegs af en toe doen.

(3) Op die vraag of onderwysers die stu= dente met die voorbereiding van lesse wat hulle voor die onderwysers moet gee, behulpsaam is, blyk dit uit tabel 132 dat die meerderheid van die respondente, t.w. 61.4% (4+5) dit dikwels tot altyd doen. Dit is egter opvallend dat volgens die skooltipe-ontle= ding 'n baie groter persentasie van die respondente aan junior- en laerskole (resp. 37.0% en 40.2%) as die aan hoër- en spesiale skole (resp. 23.1% en 16.6%) die studente altyd met die voorbereiding van hierdie lesse behulpsaam is. Van die hoërskoolon= derwysers verklaar 28.7% (1+2) dat hulle die studente nooit of slegs af en toe behulpsaam is teenoor veel laer persentasies van die ander skooltipes se onder= wysers.

Ontleed volgens ervaring van studente in die klas blyk dit dat die persentasie respondente wat „altyd"antwoord, in direkte verhouding met hulle er= varing van studente in die klas vermeerder.

(4) Op die vraag of onderwysers die studente met die voorbereiding van kritieklesse wat hulle voor

TABEL 133.

OF ONDERWYSERS DIE STUDENTE MET DIE VOORBEREIDING VAN KRITIEKLESSE VIR DOSENTE, BEHULPSAAM IS.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	1	3.7	3	11.1	6	22.2	10	37.0	7	25.9	0	27
Laerskole.	56	11.5	50	10.3	96	19.8	101	20.8	176	36.3	5	484
Hoërskole.	38	21.4	33	18.6	39	22.0	36	20.3	29	16.3	2	177
Spesiale skole.	0	0.0	1	5.5	7	38.8	7	38.8	3	16.6	0	18
TOTAAL.	95	13.4	87	12.3	148	20.9	154	21.8	215	30.4	7	706
Volgens jare ervaring van studente in klas												
0 - 2	6	18.8	1	3.1	7	21.9	10	31.3	8	25.0	0	32
2 - 5	14	12.6	11	9.9	30	27.0	26	23.4	29	26.1	1	111
5 - 10	36	15.6	30	13.0	52	22.0	47	20.4	63	27.3	2	230
10 - 20	32	12.5	35	13.6	44	17.1	55	21.4	87	33.9	3	256
20 - 30	7	11.2	8	12.9	12	19.3	12	19.3	22	35.4	1	62
30+	0	0.0	1	11.1	1	11.1	3	33.3	4	44.4	0	9
TOTAAL.	95	13.5	86	12.2	146	20.8	153	21.8	213	30.4	7	700

TABEL 134.

OF ONDERWYSERS DIE LESSE WAT STUDENTE VOOR HULLE MOET GEE, VOORAF MET HULLE BESPREEK.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	7	25.9	3	11.1	1	3.7	5	18.5	11	40.7	0	27
Laerskole.	91	18.8	25	5.1	49	10.1	95	19.6	210	43.3	14	484
Hoërskole.	28	15.8	17	9.6	31	17.5	34	19.2	64	36.1	3	177
Spesiale skole.	1	5.5	2	11.1	3	16.6	5	27.7	7	38.8	0	18
TOTAAL.	127	17.9	47	6.6	84	11.8	139	19.6	292	41.3	17	706

TABEL 135.

OF ONDERWYSERS STUDENTE SE KRITIEKLESSE VOORAF MET HULLE BESPREEK.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	3	11.1	3	11.1	3	11.1	7	25.9	11	40.7	0	27
Laerskole.	53	7.0	34	7.0	66	13.6	96	19.8	225	46.4	10	484
Hoërskole.	38	21.4	20	11.2	35	19.7	40	22.5	44	24.8	0	177
Spesiale skole.	2	11.1	3	16.6	7	38.3	3	16.6	2	11.1	1	18
TOTAAL.	96	13.5	60	8.4	111	15.7	146	20.6	282	39.9	11	706

dosente moet gee behulpsaam is, toon 'n ontleding van tabel 133 dat die meerderheid van die respondente nl. 52.2% (4+5) dit gereeld (dikwels tot altyd) doen. By die ontleding volgens skooltipes is dit net soos in die geval van tabel 132 opvallend dat 'n baie gro= ter persentasie van die respondente aan junior- en laerskole (resp. 25.9% en 36.3%) as dié aan hoër- en spesiale skole (resp. 16.3% en 16.6%) die studente ook altyd met die voorbereiding van kritieklesse be= hulpsaam is. Van die hoërskoolonderwysers verklaar 30.0% (1+2) dat hulle die studente nooit of slegs af en toe behulpsaam is teenoor veel laer persentasies v. . die ander skooltipes se onderwysers. 'n Ontleding volgens ervaring van studente in die klas toon dat die persentasie respondente wat „altyd" antwoord, ook in hierdie geval in direkte verhouding met hulle er= varing van studente in die klas vermeerder.

(5) Vervolgens is beoog om uit te vind of onderwysers die lesse wat studente voor hulle moet gee, vooraf met studente bespreek.

Uit die gegewens van tabel 134 blyk dit dat die meerderheid van die respondente, t.w. 60.9% (4+5) gereeld (dikwels tot altyd) die lesse vooraf met stu= dente bespreek. Dit is egter opvallend dat 17.9% van die respondente nooit die lesse vooraf met stu= dente bespreek nie. As die 6.6% wat slegs af en toe lesse vooraf met studente bespreek by die vorige groep getel word, blyk dit dat amper 'n kwart van die onderwysers (24.5%) toelaat dat studente in hulle vakke of vir hulle klasse lesse aanbied sonder dat hulle, as die verantwoordelike onderwysers, die stu=

TABEL 136.

OF ONDERWYSERS LESSE WAT STUDENTE VOOR HULLE GEE, AGTERNA MET HULLE BESPREEK.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	0	0.0	2	7.4	6	22.2	5	18.5	14	51.8	0	27
Laerskole.	15	3.0	34	7.0	44	9.0	120	24.7	265	54.7	6	484
Hoërskole.	5	2.8	9	5.0	32	18.0	38	21.4	92	51.9	1	177
Spesiale skole.	1	5.5	1	5.5	4	22.2	5	27.7	7	38.8	0	18
TOTAAL.	21	2.9	46	6.5	86	12.1	168	23.7	378	53.5	7	706
Volgens jare ervaring van studente in klas												
0 - 2	0	0.0	4	12.5	4	12.5	12	37.5	12	37.5	0	32
2 - 5	6	5.4	8	7.2	11	9.9	31	27.9	54	48.6	1	111
5 - 10	9	3.9	10	4.3	32	13.9	54	23.4	124	53.9	1	230
10 - 20	5	1.9	23	8.9	29	11.3	57	22.2	138	53.9	4	256
20 - 30	1	1.6	1	1.6	9	14.5	11	17.7	39	62.9	1	62
30+	0	0.0	0	0.0	1	11.1	1	11.1	7	77.7	0	9
TOTAAL.	21	3.0	46	6.5	86	12.2	166	23.7	374	53.4	7	700

dente enige leiding gegee het.[1)]

(6) Of onderwysers die lesse wat studente voor dosente moet gee, vooraf met studente bespreek, word in tabel 135 uiteengesit. Hiervolgens blyk dit dat alhoewel die meerderheid van die respon= dente, t.w. 60.5% (4+5) die studente se kritieklesse gereeld vooraf met studente bespreek, 21.9% (1+2) dit nooit of slegs af en toe doen.

Ontleed volgens skooltipes val dit op dat 'n veel groter persentasie laerskool- en juniorskool= onderwysers (resp. 46.4% en 40.7%) as hoërskool- en spesiale skoolonderwysers (resp. 24.8% en 11.1%) gereeld kritieklesse vooraf met die studente bespreek.

Die persentasie hoërskoolonderwysers wat nooit kritieklesse vooraf met studente bespreek nie, nl. 21.4%, is veel hoër as die van die ander skooltipes.

(7) Verder is nagegaan of onderwysers die lesse wat studente voor hulle gee, na afloop van die aanbieding met die studente bespreek. Volgens tabel 136 volg 53.5% van die respondente altyd hierdie pro= sedure. Dit volg dus dat alhoewel die meerderheid van die respondente wel so optree, dit by die res nie 'n vaste prosedure is om die lesse wat studente met die oog op advies voor hulle aanbied, wel krities te ontleed en te bespreek nie.

Die ontleding volgens ervaring van studente in die klas toon egter 'n sterk en reëlmatige styging in

---

1) Kyk ook hfst. IX, p. 285.

TABEL 137.

OF ONDERWYSERS STUDENTE SE KRITIEKLESSE VOOR DOSENTE BYWOON.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	27	100.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	27
Laerskole.	451	93.1	7	1.4	6	1.2	6	1.2	8	1.6	6	484
Hoërskole.	153	86.4	11	6.2	3	1.6	5	2.8	3	1.6	2	177
Spesiale skole.	17	94.4	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	5.5	0	18
TOTAAL.	648	91.7	18	2.5	9	1.2	11	1.5	12	1.6	8	706

TABEL 138.

OF ONDERWYSERS DEELNEEM AAN DIE BESPREKING VAN STUDENTE SE KRITIEKLESSE VOOR DOSENTE.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	26	96.2	1	3.7	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	27
Laerskole.	463	95.6	10	2.0	3	0.6	1	0.2	3	0.6	4	484
Hoërskole.	164	92.6	4	2.2	4	2.2	1	0.5	3	1.6	1	177
Spesiale skole.	17	94.4	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	18
TOTAAL.	670	94.9	15	2.1	7	0.9	2	0.2	6	0.8	6	706

die persentasie respondente wat „altyd" antwoord, nl. van 37.5% by die groep met 0-2 jaar ondervinding tot 77.7% by die groep met 30+ jaar ondervinding.

(8) Vervolgens is navraag gedoen na die mate waarin onderwysers betrek wordby die kritieklesse wat studente voor dosente aanbied. Op die vraag of on= derwysers studente se kritieklesse voor dosente by= woon, word in tabel 137 aangetoon dat die oorgrote meerderheid van die respondente, t.w. 91.7% nooit hierdie lesse bywoon nie. 'n Vergelyking van hier= die gegewens met die van tabel 77, waar dieselfde vraag aan dosente gestel is, toon dat 49.6% van die dosente verklaar dat hulle nooit die onderwysers nooi om saam met hulle die studente se kritieklesse by te woon nie, terwyl volgens tabel 137, 91.7% van die onderwysers verklaar dat dit nooit gebeur nie. Hierdie groot verskil tussen dosente en onderwysers se antwoorde mag beteken dat onderwysers die ver= skil enigsins vergroot. Dit mag egter ook beteken dat dosente se antwoorde nie die ware toedrag van sake weergee nie.

Die ontleding volgens skooltipes toon dat 100.0% van die juniorskole se respondente nooit studente se kritieklesse bywoon nie, terwyl respondente van hoërskole in die beste posisie verkeer. Hier kry naamlik 12.2% (2-5) die geleentheid om af en toe tot gereeld studente se kritieklesse by te woon.

Te oordeel na die aanvullende kommentaar wat 'n groot getal respondente na aanleiding van hierdie vraag gelewer het, lê die rede vir hierdie verskynsel

TABEL 139.

OF ONDERWYSERS HULLE LEERLINGE SE PROBLEME, EIENAARDIGHEDE, AGTERGROND, ENS. MET STUDENTE BESPREEK.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	0	0.0	2	7.4	3	11.1	4	14.8	18	66.6	0	27
Laerskole.	22	4.5	33	6.8	58	11.9	106	21.9	262	54.1	3	484
Hoërskool.	15	8.4	20	11.2	48	27.1	36	20.3	58	32.7	0	177
Spesiale skool.	0	0.0	1	5.5	2	11.1	4	22.2	11	61.1	0	18
TOTAAL.	37	5.2	56	7.9	111	15.7	150	21.2	349	49.4	3	706
Volgens onderwys-ervaring in jare												
0 - 2	1	10.0	0	0.0	0	0.0	7	70.0	2	20.0	0	10
2 - 5	5	7.9	3	4.7	13	20.6	11	17.4	31	49.2	0	63
5 - 10	9	5.9	12	7.9	26	17.2	31	20.5	71	47.0	2	151
10 - 20	10	3.6	23	8.4	38	14.0	66	24.3	133	49.0	1	271
20 - 30	11	6.5	16	9.4	27	15.9	28	16.5	87	51.4	0	169
30+	1	2.5	2	5.1	7	17.9	7	17.9	22	56.4	0	93
TOTAAL.	37	5.2	56	7.9	111	15.7	150	21.3	346	49.2	3	703
Volgens jare ervaring van studente in klas												
0 - 2	1	3.1	2	6.3	5	15.6	12	37.5	12	37.5	0	32
2 - 5	7	6.3	8	7.2	21	18.9	25	22.5	49	44.1	1	111
5 - 10	15	6.5	20	8.6	39	16.9	38	16.5	116	50.4	2	230
10 - 20	10	3.9	22	8.5	36	14.0	63	24.6	125	48.8	0	256
20 - 30	4	6.4	4	6.4	9	14.5	9	14.5	36	58.0	0	62
30+	0	0.0	0	0.0	1	11.1	1	11.1	7	77.7	0	9
TOTAAL.	37	5.2	56	8.0	111	15.8	148	21.1	345	49.2	3	700

daarin dat dosente selde of ooit die onderwysers uit= nooi om studente se kritieklesse by te woon.

Op die verdere vraag of onderwysers deelneem aan die bespreking van studente se kritieklesse, na afloop van die lesse, blyk dit uit die gegewens van tabel 138 dat 'n nog groter persentasie as in tabel 137 aangetoon, nl. 94.9% „nooit" antwoord. Slegs 1.9% van die respondente rapporteer dat hulle taam= lik dikwels tot altyd sulke besprekings bywoon. Die gebruik dat onderwysers saam met dosente die be= spreking van studente se kritieklesse bywoon, kom dus op enkele uitsonderings na, glad nie voor nie. Hierdie bevinding stem ooreen met die verklaring van dosente soos saamgevat in tabel 78, behalwe dat 'n veel groter persentasie onderwysers as dosente (94.9% teenoor 66.6%) verklaar dat sodanige besprekings nooit plaasvind nie. Die redes vir hierdie verskil mag dieselfde wees soos aangebied by tabel 137.

In die aanvullende kommentaar van onderwysers, laat talle respondente hulle baie sterk en veroor= delend uit oor hierdie leemte in die samewerking tussen dosente en onderwysers.

(9) Vervolgens is navraag gedoen of onder= wysers hulle leerlinge se probleme, eienaardighede, agtergrond, ens. met studente bespreek. Dit blyk uit 'n ontleding van tabel 139 dat die meerderheid van die respondente, t.w. 70.6% (4+5) gereeld (dik= wels tot altyd) hierdie gebruik het. Hierdie be= vinding is in ooreenstemming met die verklaring van die student-respondente oor dieselfde aangeleentheid,

TABEL 140.

OF ONDERWYSERS AAN AFSTUDERENDE STUDENTE DIE GELEENTHEID GEE OM VIR 'N TYDPERK ONDER HULLE TOESIG VOLTYDS SKOOL TE HOU.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
Volgens skooltipes	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Juniorskole.	11	40.7	2	7.4	4	14.8	2	7.4	8	29.6	0	27
Laerskole.	107	22.1	57	11.7	59	12.1	80	16.5	171	35.3	10	484
Hoërskole.	47	26.5	20	11.2	28	15.8	30	16.9	51	28.8	1	177
Spesiale skole.	7	38.8	0	0.0	1	5.5	1	5.5	7	38.8	2	18
TOTAAL.	172	24.3	79	11.1	92	13.0	113	16.0	237	33.5	13	706

TABEL 141.

OF OPLEIDINGSINRIGTINGS VOLDOENDE INLIGTING OOR STUDENTE VERSKAF T.O.V. HULLE SOORT OPLEIDING, REKWAAMHEDE, GEBREKE, ENS.

	NEE		MIN OF MEER		JA		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes								
Juniorskole.	11	40.7	13	11.9	2	7.4	1	27
Laerskole.	241	49.7	206	42.4	30	6.1	7	484
Hoërskole.	88	49.7	78	43.9	10	5.6	1	177
Spesiale skole.	6	33.3	12	66.5	0	0.0	0	18
TOTAAL.	346	49.0	309	43.6	42	5.9	9	706

behalwe dat 'n groter persentasie van die onderwysers (t.w. 70.6% teenoor 57.1%) verklaar dat sodanige be= sprekings gereelde gebruik is.[1] Ontleed volgens skooltipes, blyk dit dat hoërskool-respondente veel minder as dié van die ander drie skooltipes sodanige besprekings voer.

Die ontleding volgens onderwysers se ervaring bring 'n duidelike neiging by respondente aan die lig. Onderwysers is skynbaar geneig om, namate hulle on= derwyservaring en hulle ervaring van studente in die klas toeneem, ook in toenemende mate hulle leerlinge met studente te bespreek.

(10) Ten slotte is in hierdie afdeling van die vraelys probeer vasstel of onderwysers aan afstu= derende studente die geleentheid gee om vir 'n on= onderbroke tydperk onder hulle toesig voltyds skool te hou. Dit blyk uit 'n ontleding van tabel 140 dat 49.5% (4+5) van die respondente aan afstuderende studente gereeld (dikwels tot altyd) sodanige ge= leenthede gee, terwyl 35.4% (1+2) dit nooit of slegs af en toe doen.

Hierdie bevinding stem in breë trekke ooreen met die verklaring van skoolhoofde, behalwe dat die on= derwysers die stelsel in 'n groter mate toepas as wat skoolhoofde beweer.[2]

Die vernaamste bevindings ten opsigte van die oefenonderwyspraktyke in die klaskamer kan vervolgens

---

1) Kyk ook hfst. IX, tabel 45.

2) Kyk tabel 108.

soos volg saamgevat word:

(a) Alhoewel die meerderheid van die on= derwyser-respondente oefenonderwys volgens 'n voor= afbeplande program laat verloop en hulle hul in die beplanning ook deur studente se behoeftes en versoeke laat lei, doen 'n aansienlike persentasie (23.7%) selde of ooit enige beplanning ten opsigte van die verloop van die studente se praktiese opleiding in hulle klaskamers.

(b) 'n Ontleding van die mate waarin on= derwysers die studente met voorbereiding en beplanning van hulle lesse wat hulle voor onderwysers en dosente moet aanbied, behulpsaam is, toon dat meer as die helfte (61.4%) van die respondente gereeld behulpsaam is met die voorbereiding van lesse van studente wat voor onderwysers aangebied moet word. Slegs 52.2% verleen gereeld hulp met die lesse vir dosente. Dit blyk dus dat onderwysers nie dieselfde mate van samewerking ten opsigte van die sogenaamde kritiekles= se verleen nie.

Dit het ook geblyk dat die hoërskoolonderwysers die studente in 'n mindere mate as onderwysers by die ander skooltipes met die voorbereiding en beplanning van lesse behulpsaam is.

Dit het verder aan die lig gekom dat die meer ervare onderwysers ook meer geneë is om studente met die beplanning en voorbereiding van hulle lesse by te staan.

(c) By 'n aansienlike persentasie (46.5%) van die onderwysers is dit nie 'n vaste prosedure om

die lesse wat studente voor hulle aanbied, na afloop daarvan met studente te bespreek nie.

(d) 'n Uiters insiggewende bevinding raak onderwysers se aandeel in studente se kritieklesse voor dosente. Dit blyk dat die oorgrote meerderheid van die onderwysers nooit deur dosente uitgenooi word om kritieklesse by te woon of om aan die bespreking na afloop van die lesse deel te neem nie. Uit onder= wysers se kommentaar is dit duidelik dat hulle hierdie verskynsel sterk veroordeel.

(e) Die meeste onderwysers skep geleenthede om leerlinge se leer- en verwante probleme met studen= te te bespreek. Hoërskoolonderwysers volg in 'n mindere mate hierdie prosedure, hoofsaaklik omdat hul= le minder intensief met individuele leerlinge te doen kry as onderwysers van die ander skooltipes.

(f) 'n Redelike persentasie (49.5%) van die onderwysers skep gereeld die geleentheid vir afstude= rende studente om vir sekere tydperke voltyds skool te hou. Aangesien heelwat studente dus nie sodanige geleenthede kry nie, mag dit beteken dat hierdie stu= dente kan afstudeer sonder dat hulle die ondervinding gehad het om, al is dit net vir 'n kort tydperk, 'n onderwyser se volle program te behartig.

c. <u>Inligting oor studente</u>

In afdeling B3 van die vraelys is na= vraag gedoen na die inligting wat opleidingsinrigtings in verband met die studente wat die betrokke skole vir oefenonderwys sal besoek, vooraf aan die onderwysers beskikbaar stel.

TABEL 142.

OF ONDERWYSERS DIT NOODSAAKLIK AG OM VAN OMVATTENDE BESONDERHEDE IN VERBAND MET STUDENTE VOORSIEN TE WORD.

	NEE		JA		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes						
Juniorskole.	1	3.7	25	92.5	1	27
Laerskole.	36	7.4	444	91.5	4	484
Hoërskole.	16	9.0	159	89.6	2	177
Spesiale skole.	2	11.1	15	83.2	1	18
TOTAAL.	55	7.7	643	90.9	8	706

TABEL 143.

ONDERWYSERS SE MENING T.O.V. STUDENTE WAT TYDENS OEFENONDERWYS ONDER HULLE SORG WAS SE BELANGSTELLING IN DIE ONDERWYS AS BEROEP.

	1 GEEN		2 BAIE MIN		3 GEMIDDELD		4 HEELWAT		5 BESONDER BAIE		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	0	0.0	1	3.7	6	22.2	11	40.7	9	33.3	0	27
Laerskole.	2	0.4	25	5.1	73	15.0	189	39.0	185	38.2	10	484
Hoërskole.	1	0.5	14	7.9	37	20.9	72	40.6	38	21.4	15	177
Spesiale skole.	0	0.0	1	5.5	6	33.3	7	38.8	4	22.2	0	18
TOTAAL.	3	0.4	41	5.8	122	17.2	279	39.5	236	33.4	25	706

(1) In die eerste plek moes vasgestel word of die opleidingsinrigtings voldoende inligting oor studente ten opsigte van hulle soort opleiding, die vakke wat hulle bestudeer, hulle bekwaamhede, gebreke, ens. verskaf. Uit die gegewens van tabel 141 val dit op dat feitlik die helfte (t.w. 49.0%) van die respondente van mening is dat hulle nie voldoende in= ligting oor die studente ontvang nie. 43.6% beskou die inligting as min of meer voldoende terwyl slegs 5.9% verklaar dat hulle van voldoende inligting oor die studente voorsien word.

(2) Tweedens en na aanleiding van die vorige vraag is respondente gevra om aan te dui of hulle dit noodsaaklik ag om ten opsigte van studente wat na hulle skole vir oefenonderwys gestuur word, van die genoemde inligting voorsien te word.

Soos blyk uit die besonderhede van tabel 142 is die groot meerderheid van die respondente, t.w. 90.9%, van mening dat genoeg besonderhede van studente wel noodsaaklik is.

Die gegewens van tabelle 141 en 142 dui dus daarop dat onderwysers begerig is om van vollediger besonderhede in verband met die studente wat aan hulle sorg toevertrou sal word, voorsien te word. Sodoende kan die studente beter ingeskakel word en die onder= wysers ook beter in staat wees om leiding aan hierdie studente te gee.

d. <u>Gehalte en moontlikhede van studente</u>

In afdeling B4 van die vraelys is onder=

wysers versoek om te rapporteer oor die studente(e) wat onder hul sorg was tydens die oefenonderwystyd= perk, wat toe pas verby was.

(1) Eerstens is respondente versoek om die betrokke studente se belangstelling vir die onderwys as beroep te bepaal. 'n Ontleding van tabel 143 toon dat 33.4% van die respondente van mening is dat hulle studente besonder baie belangstelling geopenbaar het, terwyl nog 39.5% hulle studente se belangstelling vir die onderwys as beroep as heelwat aandui. Hieruit volg dat uit die groep studente oor wie die onderwy= ser-ondersoekgroep rapporteer, die groot meerderheid, t.w. 72.9% (4+5) se belangstelling in die onderwys as beroep, hoër as gemiddeld beskryf word. Verder be= skryf 17.2% van die respondente hulle studente se be= langstelling as gemiddeld, 5.8% dui dit as baie min aan, terwyl slegs 0.4% verklaar dat hulle studente geen belangstelling in die onderwys as beroep getoon het nie.

Volgens skooltipes ontleed, blyk dit dat heelwat groter persentasies respondente van junior- en laer= skole as van hoër- en spesiale skole (resp. 33.3% en 38.2% teenoor 21.4% en 22.4%) hulle studente se belangstelling in die onderwys as beroep, as besonder hoog beskryf.

(2) Tweedens is respondente gevra om die studente se belangstelling in die verskillende aspekte van klaswerk aan te dui. Volgens die besonderhede in tabel 144 verklaar 64.5% (4+5) dat die studente se belangstelling hoër as gemiddeld was, 23.5% beskryf

TABEL 144.

ONDERWYSERS SE MENING T.O.V. STUDENTE WAT TYDENS OEFENONDERWYS ONDER HULLE SORG WAS SE BELANGSTELLING IN DIE VERSKILLENDE ASPEKTE VAN KLASWERK.

	1 GEEN		2 BAIE MIN		3 GEMIDDELD		4 HEELWAT		5 BESONDER BAIE		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	0	0.0	1	3.7	6	22.2	15	55.5	5	18.5	0	27
Laerskole.	6	1.2	31	6.4	102	21.0	192	39.6	141	29.1	12	484
Hoërskole.	4	2.2	15	8.4	51	28.8	61	34.4	32	18.0	14	177
Spesiale skole.	0	0.0	1	5.5	7	38.8	7	38.8	3	16.6	0	18
TOTAAL.	10	1.4	48	6.7	166	23.5	275	38.9	181	25.6	26	706

TABEL 145.

ONDERWYSERS SE MENINGS T.O.V STUDENTE WAT TYDENS OEFENONDERWYS ONDER HULLE SORG WAS SE BELANGSTELLING IN DIE KINDERS.

	1 GEEN		2 BAIE MIN		3 GEMIDDELD		4 HEELWAT		5 BESONDER BAIE		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	1	3.7	0	0.0	7	25.9	11	40.7	7	25.9	1	27
Laerskole.	3	0.6	27	5.5	85	17.5	175	36.1	182	37.6	12	484
Hoërskole.	4	2.2	15	8.4	47	26.5	74	41.8	24	13.5	13	177
Spesiale skole.	0	0.0	1	5.5	5	27.7	10	55.5	2	11.1	0	18
TOTAAL.	8	1.1	43	6.0	144	20.3	270	38.2	215	30.4	26	706

dit as gemiddeld, terwyl 8.1% (1+2) studente se be= langstelling in die klaswerk as geen of baie min aan= dui.

Die ontleding volgens skooltipes bring aan die lig dat volgens die laerskoolonderwysers die hoogste per= sentasie studente wie se belangstelling in klaswerk as besonder baie aangedui is, onder hulle studente gevind is, nl. 29.1% teenoor die ander skooltipes se 18.5%, 18.0% en 16.6%.

(3) Vervolgens is respondente se menings oor hulle studente se belangstelling in die leerlinge ge= vra. 'n Ontleding van tabel 145 bring aan die lig dat die meerderheid van die respondente, t.w. 68.6% (4+5) hulle studente se belangstelling in die leerlinge as bo gemiddeld beskryf. 20.3% dui dit as gemiddeld aan, terwyl volgens 7.1% (1+2) die studente geen of baie min belangstelling in die leerlinge getoon het.

Ontleed volgens skooltipes blyk dit dat 'n veel kleiner persentasie respondente van hoër- en spesiale skole as van die ander twee skooltipes (resp. 13.5% en 11.1% teenoor resp. 25.9% en 37.6%) hulle studente se belangstelling in die leerlinge as besonder groot be= skryf.

(4) Op die versoek om aan te toon in watter mate studente vordering getoon het tydens die betrokke oefenonderwystydperk, antwoord die respondente volgens tabel 146 soos volg: 62.8% (4+5) van die respondente beskryf die vordering van die studente wat onder hulle sorg was, as bo gemiddeld. 26.7% sê studente het ge= middeld gevorder, terwyl slegs 5.8% (1+2) verklaar dat

TABEL 146.

ONDERWYSERS SE MENINGS OOR DIE VORDERING WAT STUDENTE TYDENS DIE OEFENONDERWYSTYDPERK GETOON HET.

	1 GEEN		2 BAIE MIN		3 GEMIDDELD		4 HEELWAT		5 BESONDER BAIE		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	0	0.0	2	7.4	11	40.7	10	37.0	4	14.8	0	27
Laerskole.	4	0.8	21	4.3	119	24.5	244	50.4	81	16.7	15	484
Hoërskole.	4	2.2	10	5.6	54	30.5	76	42.9	17	9.6	16	177
Spesiale skole.	1	5.5	0	0.0	5	27.7	10	55.5	2	11.1	0	18
TOTAAL.	9	1.2	33	4.6	189	26.7	340	48.1	104	14.7	31	706

TABEL 147.

ONDERWYSERS SE MENINGS T.O.V. DIE STUDENTE WAT TYDENS OEFENONDERWYS ONDER HULLE SORG WAS SE MOONTLIKHEDE AS ONDERWYSERS.

	1 GEEN		2 BAIE MIN		3 GEMIDDELD		4 HEELWAT		5 BESONDER BAIE		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	0	0.0	0	0.0	5	18.5	16	59.2	6	22.2	0	27
Laerskole.	2	0.4	10	2.0	64	13.2	241	49.7	155	32.0	12	484
Hoërskole.	2	1.1	11	6.2	36	20.3	83	46.8	31	17.5	14	177
Spesiale skole.	0	0.0	0	0.0	5	27.7	8	44.4	5	27.7	0	18
TOTAAL.	4	0.5	21	2.9	110	15.5	348	49.2	197	27.9	26	706

hulle studente geen of baie min vordering getoon het.

Uit die skooltipe-ontleding blyk dit dat junior- en laerskole die grootste persentasie studente gehad het wie se vordering as besonder baie aangedui is.

Uit die gegewens van tabel 146 kan dus afgelei word dat volgens die onderwyserrespondente die oor= grote meerderheid van die studente goeie vordering toon tydens 'n oefenonderwysperiode, en dat die meer= derheid se vordering as bo gemiddeld beskryf kan word.

(5) Ten slotte is respondente versoek om die betrokke studente se moontlikhede as onderwysers te evalueer.

Uit die gegewens van tabel 147 blyk dit dat 77.1% (4+5) van die studente oor wie gerapporteer word, se moontlikhede as onderwysers as bo gemiddeld beskryf word, terwyl 'n verdere 15.5% as gemiddeld aangedui word. Slegs 3.4% (1+2) het volgens die respondente geen of baie min moontlikhede.

Samevattend kan die onderwysers se menings oor die gehalte en moontlikhede van die studente wat onder hulle toesig was en oor wie hulle gerapporteer het, soos volg saamgevat word:

(a) Die meerderheid van die studente (meer as 60%) se belangstelling in die onderwys as beroep, in die verskillende fasette van klaswerk en in die leerlinge word hoër as gemiddeld aangedui.

(b) Tydens die oefenonderwysperiode het 62.8% van die studente hoër as gemiddelde vordering

getoon.

(c) 'n Besonder hoë persentasie, t.w. 77.1% van die studente toon hoër as gemiddelde moontlikhede as onderwysers.

(d) Die persentasie studente wat geen be= langstelling, vordering en moontlikhede geopenbaar het nie, word in alle gevalle as minder as 1.5% aangedui.

Alhoewel hierdie ontleding 'n besonder gunstige beeld van die meerderheid van die studente voorhou, openbaar onderwysers se aanvullende kommentaar veral een algemene klagte wat vermelding verdien. Dit blyk naamlik dat baie studente die meeste van hulle tyd en aandag aan die voorbereiding van kritieklesse vir dosente bestee. Die gevolg is dat hierdie studente geneig is om opdragte van onderwysers as minder be= langrik te beskou en die klaswerk te verwaarloos.

e. Samewerking met dosente

Laastens is in afdeling B5 enkele vrae gestel om vas te stel hoedanig die skakeling en same= werking tussen onderwysers en die dosente van die opleidingsinrigtings is.

(1) Eerstens is gevra hoe gereeld onderwysers die geleentheid kry om studente wat tydens oefenonder= wys onder hulle sorg geplaas word, se vordering, pro= bleme, ens. met die besoekende dosente te bespreek.

Tabel 148 toon dat die oorgrote meerderheid van die onderwysers, t.w. 92.4% (1+2), nooit of slegs af en toe sodanige geleenthede kry, terwyl slegs 2.6%

TABEL 148.

HOE DIKWELS ONDERWYSERS DIE GELEENTHEID KRY OM STUDENTE SE VORDERING, PROBLEME, ENS. MET BESOEKENDE DOSENTE TE BESPREEK.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Juniorskole.	22	81.4	5	18.5	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	27
Laerskole.	364	75.2	94	19.4	13	2.6	3	0.6	8	1.6	2	484
Hoërskole.	122	68.9	29	16.3	18	10.1	6	3.3	1	0.5	1	177
Spesiale skole.	14	77.7	3	16.6	0	0.0	0	0.0	1	5.5	0	18
TOTAAL.	522	73.9	131	18.5	31	4.3	9	1.2	10	1.4	3	706

TABEL 149.

HOE DIKWELS ONDERWYSERS DIE GELEENTHEID KRY OM NUWE OPVOEDKUNDIGE METODES, VAKMETODIEKE, ENS. MET BESOEKENDE DOSENTE TE BESPREEK.

	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipe												
Juniorskole.	23	85.1	3	11.1	1	3.7	0	0.0	0	0.0	0	27
Laerskole.	320	66.1	119	24.5	30	6.1	13	2.6	2	0.4	0	484
Hoërskole.	104	58.7	47	26.5	17	9.6	7	3.9	0	0.0	2	177
Spesiale skole.	14	77.7	2	11.1	2	11.1	0	0.0	0	0.0	0	18
TOTAAL.	461	65.2	171	24.2	50	7.0	20	2.8	2	0.2	2	706

(4+5) verklaar dat hulle gereeld (dikwels tot altyd) studente-aangeleenthede met dosente kan bespreek. Uit 'n vergelyking van hierdie gegewens met dié van tabel 73, waar dieselfde vraag aan dosente gestel is, blyk dat 14.0% van die dosente verklaar dat hulle nooit hulle studente se lesse, vordering ens. met die onderwysers bespreek nie, terwyl 73.9% van die onder= wysers verklaar dat dit nooit gebeur nie. Hier blyk dus 'n groot verskil in die antwoorde van dosente en onderwysers. 'n Moontlike verklaring vir die verskil mag wees dat onderwysers die gebrek aan skakeling tussen hulle en dosente enigsins vergroot. Dit mag ook wees dat dosente se antwoorde nie die ware toedrag van sake weergee nie.

(2) Daar is voorts ook probeer nagaan hoe dikwels onderwysers die geleentheid kry on nuwe op= voedkundige metodes, vakmetodiekaangeleenthede, ens. met die dosente te bespreek. Ook in hierdie geval, soos aangetoon in tabel 149, verklaar die oorgrote meerderheid van die respondente, t.w. 89.4% (1+2), dat hulle nooit of slegs af en toe sodanige bespre= kings kan voer. 3.0% (4+5) van die respondente kry dikwels tot altyd hierdie geleenthede.

Die aanvullende kommentaar wat respondente na aanleiding van die bogenoemde twee vrae verstrek het, is besonder insiggewend deurdat dit 'n klaar= blyklike leemte in die praktiese opleiding by die skole sterk onderstreep.

Die betrokke respondente veroordeel sonder uit= sondering die gebrek aan samewerking en skakeling

TABEL 150.

OF ONDERWYSERS VERSKILLE BEMERK TUSSEN HULLE VAKMETODIEKE EN DIE WAT STUDENTE BY HULLE VAKMETODIEKDOSENTE LEER.

	1 GEEN		2 BAIE MIN		3 GEMIDDELD		4 HEELWAT		5 BESONDER BAIE		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Junioreskole.	2	7.4	12	44.4	11	40.7	1	3.7	1	3.7	0	27
Laerskole.	35	7.2	180	37.1	191	39.4	45	9.2	29	5.9	4	484
Hoërskole.	14	7.9	48	27.1	68	38.4	35	19.7	11	6.2	1	177
Spesiale skole.	0	0.0	5	27.7	8	44.4	5	27.7	0	0.0	0	18
TOTAAL.	51	7.2	245	34.7	278	39.3	86	12.1	41	5.8	5	706

TABEL 151.

OF ONDERWYSERS DIE BESOEKENDE DOSENTE AS VAKDESKUNDIGES BESKOU.

	1 GLAD NIE		2 IN GERINGE MATE		3 GEMIDDELD		4 IN HOË MATE		5 HEELTEMAL		GEEN ANT-WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Volgens skooltipes												
Junioreskole.	5	18.5	0	0.0	4	14.8	9	33.3	9	33.3	0	27
Laerskole.	39	8.0	28	5.7	63	13.0	163	33.6	143	29.5	48	484
Hoërskole.	16	9.0	12	6.7	37	20.9	66	37.2	35	19.7	10	177
Spesiale skole.	1	5.5	0	0.0	3	16.6	7	38.8	4	22.2	3	18
TOTAAL.	61	8.6	40	5.6	107	15.1	245	34.7	191	27.0	61 (8.6%)	706

tussen dosente en onderwysers. Tipiese kommentaar van die onderwysers is die volgende:

„Ons kry die dosente nooit te sien nie, want hulle is gewoonlik haastig, indien nie oorhaastig om weg te kom".

„Ek kry die indruk dat dosente dit nie nodig ag om studente met ons te bespreek nie".

„Ek vind die gebrek aan geleenthede om met do= sente samesprekings oor studente en vak-aangeleent= hede te voer, frustrerend en baie jammer. Dosente, onderwysers en studente sal almal baat vind by in= dringende besprekings van ons gemeenskaplike pro= bleme".

„I have never exchanged a single word with these aloof, mysterious beings".

(3) Vervolgens is nagegaan of onderwysers verskille bemerk tussen hulle vakmetodieke en die wat studente by hulle vakmetodiekdosente leer. Tabel 150 toon aan dat 41.9% (1+2) geen of baie min ver= skille bemerk, terwyl 39.3% die verskille as gemid= deld beskryf. Van die onderwysers verklaar 17.9% (4+5) dat daar heelwat of meerder baie verskille bestaan. Met verwysing na die studente se antwoorde op 'n soortgelyke vraag is bevind dat 'n groter per= sentasie van die student-respondente, t.w. 31.1%, die verskille in die onderwysers en dosente se vakmeto= dieke as meer as gemiddeld aandui.[1)]

---

1) Kyk tabel 33.

'n Ontleding volgens skooltipes toon dat 'n gro= ter persentasie onderwysers van hoërskole en spesiale skole as van die ander twee skooltipes (resp. 25.9% en 27.7% teenoor 7.4% en 15.1%) sodanige verskille as meer as gemiddeld aandui.

(4) Op die vraag of hulle besoekende dosente as vakdeskundiges beskou, blyk dit uit tabel 151 dat die meerderheid van die onderwysers, t.w. 61.7% (4+5) in 'n hoë mate tot heeltemal saamstem. Daarteenoor beskou 14.2% (1+2) die dosente glad nie of slegs in 'n geringe mate as vakdeskundiges.

Dit is belangrik om daarop te let dat 8.6% van die respondente nie die vraag beantwoord het nie. As rede word meestal aangevoer dat hulle nie kan antwoord nie omdat hulle die dosente glad nie ken nie. Te oordeel na die groot persentasie respon= dente wat volgens tabelle 148 en 149 verklaar dat hulle nooit enige samesprekings met dosente voer nie, moet dit aanvaar word dat die respondente se menings oor dosente se deskundigheid soos weergegee in tabel 151, op veronderstellinge berus.

Samevattend blyk die volgende na aanleiding van die onderwysers se menings oor die samewerking en skakeling tussen onderwysers en dosente:

(a) Die gebrek aan gespreksgeleenthede tussen onderwysers en dosente tydens laasgenoemdes se besoeke aan die skole, blyk 'n ernstige leemte in die praktiese opleidingsprogram by die meeste skole te wees.

(b) Alhoewel daar volgens die meerderheid van die onderwyser-respondente geen ernstige verskil= le tussen hulle vakmetodieke en die van die dosente bestaan nie, is dit nogtans so dat meer as die helfte van die onderwysers (57.2% = 3-5) die verskille as van gemiddeld tot besonder baie beskryf. Studente se antwoorde op 'n soortgelyke vraag bevestig hierdie bevinding.[1] Hierdie verskynsel kan ongetwyfeld verwarring by studente veroorsaak.

f. Aanvullende kommentaar

Afgesien van die aanvullende kommentaar ten opsigte van aangeleenthede wat in die vraelys voorkom, verdien sekere ander aspekte wat herhaalde= lik deur verskillende respondente beklemtoon word, vermelding:

(1) Die gebruik van sekere inrigtings om studente vir waarneming (die sogenaamde ongekontro= leerde oefenonderwys) na skole te stuur word sterk veroordeel. Studente daag bv. soms by skole op sonder duidelike voorligting en opdragte van hulle inrigtings.

(2) Ten opsigte van die stelsel van kritiek= lesse word 'n verskeidenheid verwante sake, wat nie direk met die besondere vrae te doen het nie, beklem= toon. Dit val onderwysers bv. op hoe dikwels dosente van mekaar verskil wat hulle vereistes vir en evalu= ering van dieselfde soort lesse betref. Dit gebeur

1) Kyk tabel 33.

blykbaar ook dikwels dat knap en pligsgetroue studente swak presteer in kritieklesse omdat hulle nie die be= trokke dosente se „resepte" nagekom het nie. Swak studente presteer dikwels om die omgekeerde rede bo verwagting goed. Om hierdie en ander redes verlang onderwysers dat die wyse van aanhoor van kritieklesse hersien moet word.